Die plek van *Kerkspieël*

Kobus Schoeman en Jan Bisschoff

Die agtste *Kerkspieël*-opname het in Augustus en September 2006 plaasgevind. Elke gemeente en predikant van die NG Kerk het vraelyste gekry. 'n Ewekansige steekproef vir die vraelyste is aan erediensgangers en gemeenteleiers gestuur.

Die *Kerkspieël*-opnames kan 'n belangrike bydrae tot die gesprek binne die kerk en gemeentes lewer. Dit is altyd nodig om vanuit ons gereformeerde tradisie selfondersoekend en krities na onsself te kyk. Maniere van doen wat tien en twintig jaar gelede goed gewerk het, gaan nie noodwendig in nuwe en veranderende omstandighede dieselfde gevolge en resultate lewer nie.

Kerkleiers en gemeentes kan verskeie bronne en hulpmiddels vir kritiese selfondersoek gebruik.

Uiteraard is die Bybel 'n kernbron in ons nadenke oor kerk- en gemeente-wees. Daarmee saam loop ons eie geloofstradisie en teologiese raamwerk wat bepaal hoe ons oor 'n gemeente dink. Ons konteks het onvermydelik 'n sterk invloed op die manier waarop ons ons kerklike lewe inrig en waarop ons optree.

Kerkspieël probeer om sekere empiriese inligting in die spel te bring. Dit gee data en statistiese gegewens van die kerk en gemeentes weer. Al dié invalshoeke behoort in ons kritiese nadenke verreken te word.

Kerkspieël is 'n belangrike bron van inligting. Dié inligting behoort binne 'n bepaalde raamwerk verstaan te word.

- Dis 'n bron wat deel van verskeie ander bronne is.
- Dis deel van 'n proses van verstaan en nadenke.
- Dis 'n stem náás ander stemme.

Dit wil 'n hoë standaard van geldigheid en betroubaarheid handhaaf. Die gegewens en data moet deel van 'n groter proses van nadenke en kritiese refleksie wees, anders is dit maar net interessante gegewens. Dé empiriese inligting kan deur die kerkleiding gebruik word in die soeke na 'n meer geloofwaardige bestaan vir die kerk en gemeentes.

Teen dié agtergrond, en as deel van 'n voortgaande kritiese gesprek, bied ons 'n paar van die interessante tendense en gegewens van die afgelope opname aan.

Leraar se waarmerk as leier

Jan Bisschoff

Ons dominee in die spotprent het 'n probleem. Dit lyk of die watervlak styg en hy besig is om te sink. In dié artikel het die water te doen met sy aanvaarding as leier. Daar is predikante wat in hierdie tyd nogal worstel met hulle leierskapsrol.

Leierskap in 'n gemeenskap word op verskillende maniere gelegitimeer. Vir een is dit die "leier" se opleiding (akademiese kwalifikasies) wat hom of haar aanvaarbaar maak. Vir 'n ander is dit die "leier" se vermoë om sekere take te verrig.

In 'n gemeentelike konteks kom daar nóg goed by. Dit is dinge soos om die vertroue van die geloofsgemeenskap te geniet, om predikantstatus te hê

Dominee, ontspan, jy sal nie sink nie ... maar klou vas …!

Blaai om